NG Kerk KraggaKamma

Ons is God se Fontein van Liefde / Hart vir Nelson Mandelabaai

Almal is welkom in God se Koninkryk

Wouter: Stoffel , weet jy wat? My pa kan tog vinniger as jou pa hardloop.
Stoffel: A, dis nog niks.. my pa kan beter as jou pa fietsry.
Wouter: Dit jok jy, maar my pa is tog slimmer as jou pa…
Stoffel: Is nie!
Wouter: Is!
Stoffel: Hoe weet jy?
Wouter: Want my pa het baie minder hare as jou pa!
Stoffel: Dit maak nie saak nie, want my pa se hare is tog gryser as jou pa s'n! En my pa is tog sterker as jou pa!
Wouter: Is nie!
Stoffel: Is!
Wouter: Is nie!
Stoffel: Is!
Wouter: Hoekom sê jy so?
Stoffel: Want sy maag is groter as jou pa s'n!
Wouter: Maar my pa maak tog meer geld as jou pa!
Stoffel: Is nie!
Wouter: Is! Want hy werk by die Bank en dan bring die mense vir hom al hulle geld!
Stoffel: Dis nog niks! My pa is 'n dominee en hy praat lat niemand hom kan verstaan nie en dan het hulle 'n hele span mense nodig om al die baie geld op te neem!
Wouter: Is nie, jou pa is nie rêrig 'n dominee nie!
Stoffel: Ek weet , maar ek het sommer gedink dit sou cool wees as hy een was, want dan was ek tog belangriker as jy!
Wysneus: Hey, wat maak julle?
Stoffel: Hallo , Wysneus, ons stry!
Wysneus: Dit kan ek hoor, maar hoekom stry julle?
Stoffel: Ons stry oor wie die belangrikste is.
Wysneus: Hoekom wil julle die belangrikste wees?
Stoffel: Want as ons belangrik is , sal Jesus meer van ons hou!
Wysneus: Wat?! Waar kom julle aan sulke nonsens?
Stoffel: Wouter het so gese!
Wouter: Is nie , Stoffel het!
Wysneus: Maak nou nie saak wie het wat gesê nie, Jesus is nie liewer vir belangrike mense as vir onbelangrike mense nie. Vir Hom is ALMAL belangrik. Almal is welkom by Jesus!

Stoffel: Regtig?
Wysneus: Ja, maak nie saak watter werk jy doen, hoe jy lyk of selfs hoe goed jy in sport is nie. Hy is lief vir jou NET SOOS JY IS! By Hom is ALMAL welkom!
Wouter: Rerig? Ek dog net slim en soet mense is vir Hom belangrik!
Wysneus: O, Nee! Weet jy dat Hy gesê het selfs as jy stout was, is jy welkom by Hom
Stoffel: Stout? Dit klink nie reg nie.
Wouter: Ja, dit klink verkeerd om.
Wysneus: Ek weet, want God se koninkryk werk nie soos die wêreld nie.
Stoffel: Nie?
Wysneus: Nee, want in God se koninkryk is dit nie belangrik om belangrik te wees nie, maar dis belangrik dat Jesus die belangrikste in ons lewe moet wees.
Stoffel: Sjoe , dit klink baie belangrik.
Wysneus: Dit is, en die rede hoekom Jesus vir ons die belangrikste moet wees, is omdat ons vir Hom soo belangrik is.
Wouter: Selfs die van ons wat nie belangrik is nie?
Stoffel: Of dié van ons wat stout was?
Wysneus: Ja, ons is sooo belangrik vir Hom , dat Hy vir ons sonde gesterf het.
Wouter: Nou voel ek sommer baie sleg dat ons so gestry het.
Stoffel: Ek ook. Ek dink ek moet Jesus… om ….om-ver-gif-ter-nis vra .
Wysneus: Wat se goed?
Stoffel: Daai groot woord wat beteken dat mens jammer sê jy was stout.
Wysneus: Vergifnis.
Stoffel: Ja, dis hom.
Wysneus: Ek dink dis ‘n baie goeie idee, Stoffel, want as mens so belangrik wil wees, bring dit net verdeeldheid.
Stoffel: Wat se goed?
Wysneus: Mense stry en help nie mekaar nie .
Stoffel: O ja.
Wysneus: En Jesus se bloed het juis gevloei sodat ons Sy kinders kan wees en ons mekaar kan help en moet vergewe.
Stoffel: Nou ja…..Jammer, Wouter, dat ek so lelik was met jou!
Wouter: Jammer, Stoffel…. Ek was ook maar lelik.
Wysneus: Nou toe , julle. Nou is alles uitgesorteer! Kom ons gaan geniet die dag verder en weet dat ons ALTYD by Jesus welkom is. Maak nie saak wie of wat ons is nie.

Almal saam: TOTSIENS, MAATS! TOT VOLGENDE KEER!

[Verwerk deur Petru Vlok. Met dank aan Danie Matthee]